THE PROVINCE OF GAUTENG

DIE PROVINSIE GAUTENG

# Provincial Gazette Extraordinary
# Buitengewone Provinsiale Koerant

Selling price: R1,75 ◇ Other countries: R2,25
Verkoopprys: R1,75 ◇ Buitelands: R2,25

Vol. 2 PRETORIA, 22 JANUARY JANUARIE 1996 No. 126

## NOTICES BY LOCAL AUTHORITIES
## PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWINGS

### LOCAL AUTHORITY NOTICE 230

**TRANSITIONAL LOCAL COUNCIL OF BOKSBURG**

PROPOSED BEYERS PARK EXTENSION 47 TOWNSHIP: DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP

In terms of the provisions of section 103(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 the Transitional Local Council of Boksburg hereby declares **Beyers Park Extension 47 Township** (situated on Portion 393 of the farm Klipfontein 83 IR) to be an approved township subject to the conditions set out in the schedule hereto.

**SCHEDULE**

**1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT**

**1.1 Name:**

The name of the township shall be **Beyers Park Extension 47.**

**1.2 Design:**

The township shall consist of the erven and the streets as indicated on General Plan SG No. 8494/1995.

**1.3 Disposal of existing conditions of title:**

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals.

### PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 230

**PLAASLIKE OORGANGSRAAD VAN BOKSBURG**

VOORGESTELDE DORP BEYERS PARK-UITBREIDING 47: VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP

Ingevolge die bepalings van artikel 103(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 verklaar die Plaaslike Oorgangsraad van Boksburg hierby die dorp **Beyers Park-uitbreiding 47** (geleë op Gedeelte 393 van die plaas Klipfontein 83 I.R.) tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

**BYLAE**

**1. STIGTINGSVOORWAARDES**

**1.1 Naam:**

Die naam van die dorp is **Beyers Park-uitbreiding 47.**

**1.2 Ontwerp:**

Die dorp bestaan uit die erwe en die strate soos aangedui op Algemene Plan SG No. 8494/1995.

**1.3 Beskikking oor bestaande titelvoorwaardes:**

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale.

**1.4 Endowment payable to the local authority:**

The township owner shall, in terms of the provisions of section 98(2) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, pay to the local authority a lump sum endowment of R25 000,00 (twenty-five thousand Rand), which amount shall be used by the local authority for the provision of land for a park (public open space).

Such endowment shall be payable in accordance with the provisions of section 81 read with section 95 of the aforesaid ordinance.

**1.5 Access:**

No ingress from Provincial Road PWV-15 to the township and no egress to the said Provincial Road from the township shall be allowed.

**1.6 Acceptance and disposal of stormwater:**

The township owner shall arrange for the drainage of the township to fit in with that of Provincial Road PWV-15 and for all stormwater running off or being diverted from the road to be recieved and disposed off.

**2. CONDITIONS OF TITLE**

The erven shall be subject to the following conditions imposed by the local authority in terms of the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986:

**2.1 *All erven:***

(a) The erf is subject to a servitude, 2m wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary, and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes, 2m wide, across the access portion of the erf when required by the local authority: Provided that the local authority may dispense with any such servitude.

(b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2m thereof.

(c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion, may deem necessary, and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

**J. J. COETZEE, Chief Executive/Town Clerk.**

Civic Centre, Boksburg.

(Notice No. 9/1996)

**1.4 Begiftiging betaalbaar aan die plaaslike bestuur:**

Die dorpseienaar moet kragtens die bepalings van artikel 98(2) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 aan die plaaslike bestuur as begiftiging 'n globale bedrag van R25 000,00 (vyf-en-twintig duisend Rand), betaal welke bedrag deur die plaaslike bestuur aangewend moet word vir die verkryging van grond vir 'n park (openbare oopruimte).

Sodanige begiftiging is betaalbaar kragtens die bepalings van artikel 81 gelees met artikel 95 van die gemelde ordonnansie.

**1.5 Toegang:**

Geen ingang van Provinsiale Pad PWV-15 na die dorp en geen uitgang na die gemelde Provinsiale Pad van die dorp word toegelaat nie.

**1.6 Ontvangs en versorging van stormwater:**

Die dorpseienaar moet die stormwaterdreinering van die dorp so reël dat dit inpas by dié van Provinsiale Pad PWV-15 en moet die stormwater wat van die pad afloop of afgelei word, ontvang en versorg.

**2. TITELVOORWAARDES**

Die erwe is onderworpe aan die volgende voorwaardes opgelê deur die plaaslike bestuur ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986:

**2.1 *Alle erwe:***

(a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut, 2 meter breed, vir riolering en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes, 2 meter breed, oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.

(b) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voormelde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne sodanige serwituutgebied of binne 'n afstand van 2 meter daarvan geplant word nie.

(c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud, of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke wat hy volgens goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voormelde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot gemelde grond vir die voormelde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke versaak word.

**J. J. COETZEE, Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.**

Burgersentrum, Boksburg.

(Kennisgewing No. 9/1996)

## LOCAL AUTHORITY NOTICE 231

### TRANSITIONAL LOCAL COUNCIL OF BOKSBURG

BOKSBURG AMENDMENT SCHEME 389

The Transitional Local Council of Boksburg hereby in terms of the provisions of section 125 (1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 declares that it has adopted an amendment scheme being an amendment of the Boksburg Town-planning Scheme, 1991 relating to the land included in Beyers Park Extension 47 township. A copy of the said town-planning scheme as adopted is open for inspection at all reasonable times at the office of the City Engineer, Boksburg and the office of the Deputy Director-General, Department of Housing and Local Government, Gauteng Provincial Administration, Provincial Building, Germiston.

The said amendment scheme is known as Boksburg Amendment Scheme 389.

**J. J. COETZEE, Chief Executive/Town Clerk.**

Civic Centre, Boksburg.

(Notice No. 11/1996)

## PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 231

### PLAASLIKE OORGANGSRAAD VAN BOKSBURG

BOKSBURG-WYSIGINGSKEMA 389

Die Plaaslike Oorgangsraad van Boksburg verklaar hiermee ingevolge die bepalings van artikel 125 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 dat dit 'n wysigingskema, synde 'n wysiging van die Boksburg Dorpsbeplanningskema, 1991 wat betrekking het op die grond ingesluit in die dorp Beyers Park Uitbreiding 47 aanvaar het. 'n Afskrif van die gemelde dorpsbeplanningskema soos aanvaar, lê te alle redelike tye ter insae by die kantoor van die Stadsingenieur, Boksburg en die Kantoor van die Adjunk Direkteur-Generaal, Departement van Behuising en Plaaslike Bestuur, Gauteng Provinsiale Administrasie, Provinsiale Gebou, Germiston.

Die gemelde wysigingskema staan bekend as Boksburg-wysigingskema 389.

**J. J. COETZEE, Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.**

Burgersentrum, Boksburg.

(Kennisgewing No. 11/1996)

# Use it

# Don't abuse it

***water is for everybody***

# Werk mooi daarmee

# Ons leef daarvan

***water is kosbaar***

## CONTENTS


| No. | | Page No. | Gazette No. |
|---|---|---|---|
| | **LOCAL AUTHORITY NOTICES** | | |
| 230 | Town-planning and Townships Ordinance (15/1986): Transitional Local Council of Boksburg: Declaration as approved township: Beyers Park Extension 47 | 1 | 126 |
| 231 | do.: do.: Boksburg Amendment Scheme 389 | 2 | 126 |


## INHOUD


| No. | | Bladsy No. | Koerant No. |
|---|---|---|---|
| | **PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWINGS** | | |
| 230 | Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe (15/1986): Plaaslike Oorgangsraad van Boksburg: Verklaring tot goedgekeurde dorp: Beyers Park-uitbreiding 47 | 1 | 126 |
| 231 | do.: do.: Boksburg-wysigingskema 389 | 2 | 126 |


Printed by the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001, for the **Gauteng Provincial Administration**, Pretoria
Gedruk deur die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaat Sak X85, Pretoria, 0001, vir die **Gauteng Provinsiale Administrasie**, Pretoria